# Gesels saam

GRAAD 7-10

## WELKOM

Speel "vrygewigheid-bingo" saam. Gee vir elke jongmens 'n bingo-kaartjie (daar is vier verskillende kaartjies op die hulpmiddel "Vrygewigheid-bingo"). Hierdie kaartjies is soortgelyk aan gewone bingo-kaartjies, maar in plaas van syfers bevat elke blokkie 'n "vrygewige daad".

Die jongmense moet rondbeweeg en vir mekaar vra of hulle al een van die dade gedoen het. As die ander persoon dit al gedoen het, kan hy of sy 'n kruisie deur daardie daad trek. Wanneer iemand vier dade in 'n ry (vertikaal, diagonaal of horisontaal) doodgetrek het, moet hy of sy "bingo" skree. Daardie persoon is die wenner.

Gesels saam:

- Wat het die dade op die bingo-kaartjies gemeen?

## WONDER

Lees Johannes 19:38-42 saam.

Vertel dan die volgende verwerking van die teksgedeelte vir die jongmense:

Plaas jouself in Josef van Arimatea se skoene.

Jy is 'n ryk man. Jy het gehoor en gesien wat Jesus alles doen. Jy weet Jesus is die Een waarvoor jou mense al baie lank wag. Maar jy is bang om hardop te sê dat jy Jesus volg, want jy kan gevang en in die tronk gegooi word. Of erger ...

Jesus is nou net gekruisig. As 'n Jood weet jy dat julle nou moet spring. Jesus se liggaam moet in 'n graf kom. Die liggaam moet eers met 'n spesiale kruieolie-mengsel behandel word en dan in linnedoeke toegedraai word.

Aangesien jy ryk is, het jy klaar vir jou 'n graf gekoop vir wanneer jy eendag sterf. Dit is 'n goeie graf. Niemand is al voorheen daar begrawe nie. Die graf is naby aan die plek waar Jesus gekruisig is. Dit beteken dat julle vir Jesus betyds (binne 24 uur) daar kan begrawe.

Jou hart klop vinnig. Jou handpalms sweet. Jy weet wat jy moet doen, maar jy is bang.

Jesus het só baie vir mense gedoen. Hy was vrygewig. Hy het water in wyn verander toe die wyn by die bruilof opgeraak het. Hy het vyf brode en twee vissies gevat en 'n groot skare kos gegee – daar het selfs kos oorgebly. As Jesus só vrygewig was, kan jy nou vrygewig wees.

Al is jy bang, gaan jy na Pilatus toe en vra vir hom of jy Jesus se liggaam kan kry. Jesus verdien 'n goeie graf.

Gesels saam:

- Watter eienskappe het Josef van Arimatea gehad wat hom gehelp het om sy graf vir Jesus te gee?
- Watter van Josef van Arimatea se eienskappe laat jou aan Jesus se optrede dink?
- Watter van hierdie eienskappe het jy reeds?

## WEES

Die jongmense gaan saam 'n portret van Josef van Arimatea maak deur sy gesig te "bou".

Bring 'n verskeidenheid items of prente (ou tydskrifte) saam wat die jongmense hiervoor kan gebruik. Laat hulle self die betekenis van die onderskeie items of prente bepaal. Hulle kan ook van die items of prente rondom die gesig plak om Josef se eienskappe uit te beeld.

Die portret kan op 'n groot stuk karton (A3 of groter) gemaak word.

*Wenk:* As julle 'n groot groep is, kan die jongmense in kleiner groepe verdeel word.

Gebruik gerus die volgende teksgedeeltes om 'n duideliker portret van Josef te bou:

- Johannes 19:38-42
- Matteus 27:57-60
- Markus 15:43-47
- Lukas 23:50-56

## WEGSTUUR

Dink saam aan iets wat julle almal hierdie week kan doen om vrygewigheid aan iemand anders te bewys. Gee volgende keer terugvoering.

---